

Tekste: Openbaring 2: 7, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Psalm 131: 1-3, 2007; Gesang 269: 2.  
Fokus teks: Lukas 8: 4-8, 1983.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

## AANKONDIGINGS:

### KLOK:

Ons is hier teenwoordig. God is teenwoordig. Die klok bring ons gedagtes tot die besef ...

### TOETREDE:

Luister tog, Heer, en hoor my gebed. U is al wat ek het.  
VONKK 106: 1-2.

### VOTUM:

Elkeen wat 'n oop oor het, moet goed luister na dit wat die Gees sê vir die geloofsgemeenskappe. Vir elkeen wat wen in my Naam, sal Ekself 'n ewige prys gee. Ek sal hulle laat eet van die vrugte van die boom wat ewige lewe gee. Daardie boom staan in God se paradys ~  
Openbaring 2: 7, 2022.

### SEËN:

Ons is God se geliefde kinders. Hy het ons geroep om aan Hom te behoort. Genade en vrede word aan ons

geskenk deur God ons hemelse Vader en die Here, Jesus Christus. Amen ~ Romeine 1: 7, 2022

SANG:

O Jesus, neem my. O Jesus, lei my. O Jesus, sterk my en vorm my tot u eer ~ Gesang 543: 1-3.

‘N BELYDENIS VAN GELOOF: Psalm 131: 1-3, 2007.

In die baie kort Psalm 131 hoor ons hoe die digter in alle opsigte breek met hoogmoed en ho in totale oorgawe – soos ‘n kind by sy moeder – aan God wy. Met die lees van hierdie gedig kan ‘n mens nogal die beeld sien wat die digter gebruik – soos ‘n klein kindjie wat geen ander behoeftes het as om by sy moeder te wees nie, wat weet dat wat ook al gebeur, wat hy ook al nodig mag kry, die moeder sal voorsien, so erken die digter sy afhanklikheid. Die digter erken dat hy aan geen grootheidswaan vasklou nie, want God voorsien – hy vertrou volkome op Hom.

## **Psalms 131**

*Julle moet glo dat die Here julle sal help*

Tekste: Openbaring 2: 7, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Psalm 131: 1-3, 2007; Gesang 269: 2.  
Fokus teks: Lukas 8: 4-8, 1983.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

<sup>1</sup>'n Lied wanneer mense na die tempel gaan. Van Dawid.  
Here, ek dink nie dat ek belangrik is nie, ek is nie hoogmoedig nie, ek probeer nie om dinge te doen wat vir my te moeilik is nie.

<sup>2</sup>Nee, ek is tevrede met wat ek is, ek is soos 'n kind wat nie meer aan sy ma drink nie, 'n kind wat gelukkig is by sy ma.

<sup>3</sup>Israeliete, julle moet glo dat die Here julle sal help, nou en vir altyd.

Amen.

GEBED:

INLEIDING TOT DIE PREEK:

Ek wil vandag se preek begin deur eers dankie te sê vir die vier lidmate wat die huiswerk van laas Sondag se preek gedoen en op Whatsapp ingehandig het. Dit was lekker om verder saam met julle en die beeld van die boom op reis te gaan. Baie mense het my gevra watter soort boom is op die prentjie en ek het vir julle gaan soek. Dit is 'n eikehout boom. Dit het my sommer laat dink aan

‘n baie ou country liedjie: *Tie a yellow ribbon around the old oak tree*. Dink net waarheen die verhaal van hierdie liedjie en die boom ons heen kan vat.

Vandag praat ons oor die gelykenis van die saaiër. Die gelykenis is moontlik van kindsbeen af aan almal van ons bekend. Trouens, drie van die evangelies (Matteus, Markus en Lukas) vertel die verhaal van die saaiër. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gebruik die simbool van die saaiër as hulle logo.

‘n Baie-Baie bekende Bybelse verhaal. Die gevaar van so ‘n bekende verhaal is dat ons dit hoor, maar nie meer daarna luister nie. Dit gaan by die een oor in en by die ander oor uit. Die bedoeling is egter dat hierdie verhaal ons elke keer opnuut weer moet aangryp, ons aan die dink moet sit en selfs ons manier van lewe moet verander as dit nodig is.

Kom ons luister vanmôre opnuut en met ‘n nuwe oor na hierdie bekende Bybelse verhaal...

## SKRIFLESING: Lukas 8: 4-8, 1983

### *Gelykenis van die saaiër*

(Matt. 13:1-9; Mark. 4:1-9)

<sup>4</sup>Uit die verskillende dorpe het aanhoudend mense na Jesus toe gestroom, en toe 'n groot menigte saamgekom het, het Hy vir hulle 'n gelykenis vertel:

<sup>5</sup>“'n Saaier het uitgegaan om saad te saai. Met die saai het 'n deel op die pad geval, en dit is vertrap en die voëls het dit opgepik. <sup>6</sup>'n Ander deel het op 'n klipbank geval, en nadat dit opgekom het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie. <sup>7</sup>Nog 'n ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het daarmee saam gegroei en dit laat verstik. <sup>8</sup>Daar was ook 'n deel wat in goeie grond geval het, en dit het opgekom en 'n honderdvoudige oes gelewer.”

Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: “Wie ore het en kan hoor, moet luister!”

### PREEK:

In daardie tyd het Jesus die land deurkruis van die een stad en dorp na die ander. Oral het hy vir die mense om

hom gepreek en vir hulle verduidelik hoe die koninkryk van God werk. Saam met Jesus was die 12 dissipels en ook altyd 'n klompie vroue, onder wie Maria Magdalena, Johanna, Susanna en nog baie ander.

Op 'n dag het baie mense van oral oor na Jesus toe gestroom. Miskien wou hulle sien hoe lyk hierdie Jesus van wie so baie mense praat. Dalk was hulle bloot nuuskierig of dalk wou hulle bitter graag een van Jesus se wonderwerke of wondergenesings sien. Hoe dit ook al sy, Jesus gebruik die geleentheid om aan hulle 'n gelykenis te vertel.

Jesus se gelykenisse is nie bloot hulpmiddels om gesaghebbende Skrifwoord uit te lê nie, soos by die rabbi's nie, maar is self deur en deur verkondiging. Sy gelykenisse is verhale waardeur Hy aan die mense in 'n alledaagse storie vertel wie God is en wat God vir die mense beteken en van die mense verlang. 'n Gelykenis wil die lesers intrek in die verhaal en so daarin laat deel dat dit hulle lewens verander.

Toe ek in hierdie week die verhaal weer saam met Elizabeth lees, het dit my ingetrek. Nader getrek. Ek het met 'n ander oor daarna geluister. Ek weet dit gebeur ook dikwels met jou. Jy lees 'n ou en bekende gedeelte en dan skielik spits jy jou ore vir iets anders as wat jy dalk die vorige kere na geluister het. Jy hoor iets anders raak.

Wat het hierdie keer my ore laat spits? Jesus se eie woorde: *Wie ore het, moet luister*. Of soos Stephan Joubert en Jan van der Watt dit in hulle nuutste vertaling van die Nuwe Testament vertaal - Die Nuwe Nuwe Testament: *Ek hoop julle het mooi geluister en verstaan wat Ek vir julle wou sê*.

Ek sien toe sommer baie prentjies van ore in my gedagtes en ek luister na my gedagtes oor ore. Ek onthou sê goed van baie jare gelede: Jy moet jou ore spits | Gebruik daai twee goed langs jou kop, dit is nie ornamente nie | Maak oop jou ore | Moenie maak of jy nie gehoor het nie | Gaan was jou ore dat jy beter kan hoor | Sit jy vandag weer op

---

jou ore | Daar is niemand so doof soos die een wat nie wil  
hoor nie | Ek trek jou sommer aan jou oor!

Hierdie keer was dit nie bome soos laas week nie, maar  
ore ~ prentjies van ore, sê goed van ore en in dié geval  
van die gelykenis, leergoed van ore.

Met my nalees besef ek dat ore ook 'n baie belangrike rol  
in die Bybel speel. Die woorde, wie ore het, moet luister  
kom agt keer in die evangelies voor en dan nog agt keer  
in die Openbaring-boek. Dit kom sekondêr op nog baie  
ander plekke en maniere voor.

Ds Marius Kramer sê in die Bybelse dagboek dat hy  
opgelet het dat ons ore nie 'n lid het soos die oog nie. Ons  
ooglid kan oor ons oog skuif en so die oog beskerm, maar  
dan kan jy ongelukkig nie sien nie. Ons het nie 'n "oorlid"  
nie. Ons ore is veronderstel om altyd oop te wees. Ons is  
veronderstel om altyd te kan hoor.

Ons hoor miskien altyd, maar ongelukkig luister ons nie altyd nie. Ironies genoeg hoor jy as jy jonk is alles, maar soms luister jy na niks. En wanneer jy oud is, hoor jy weer amper niks, maar jy wil so graag na alles luister. Op verskeie plekke in die Bybel lees ons dat dit nie help om ore te hê, maar dit nie te gebruik nie.

Dit is hierdie ding van die ore wat moet luister, wat my met die lees van die gelykenis van die saaiër weer my ore laat spits het. Hier gebruik Jesus die wyse waarop die mense luister om in verband te bring met die tipe grond waarop die saad val.

Uit Jesus se eie wêreld vertel hy die verhaal van 'n boer wat die saad gaan saai. Die saad is simbolies van die Woord van God wat gehoor moet word. Die saad land op verskillende tipes grond en dit beïnvloed die saad se groeikrag. Die verskillende tipes grond is simbolies van die mens se vermoë om die Woord van God te kan hoor of te wil hoor.

---

Soms in ons lewe is ons ore soos 'n harde pad wat glad nie ontvanklik is vir die woord van God nie. Dit gebeur dikwels wanneer 'n mens hier binne kliphard geword het. Wanneer jy verbitterd geraak het. Jou ore is oop, maar jy hoor eintlik niks. Jy wil nie hoor nie. Daar is niemand so doof soos die een wat nie wil hoor nie. Om weer te kan hoor, moet hierdie persoon eers sy verhouding met God herstel. Bou aan 'n nuwe verhouding met hom of haarself.

Ander kere weer is my ore soos 'n klipbank wat die woord hoor, maar nie toelaat dat dit ons binneste verander nie. Dan hoor ons, maar ons luister nie.

Soms kan my ore wees soos die saad wat tussen die onkruid geval het. Dit is wanneer my ore eerder luister na die wêreld se geraas as na die wil van God. Dan doof my menslike regte die geluid van God se stem in my ore uit.

Dit sou ons opval dat 'n driekwart van die ore nie gereed was om God se stem te hoor nie. Ons sien dit vandag al meer om ons raak, naby aan ons raak. Die wêreld se

Tekste: Openbaring 2: 7, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Psalm 131: 1-3, 2007; Gesang 269: 2.  
Fokus teks: Lukas 8: 4-8, 1983.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

stem is in meer mense se ore duideliker as God se stem.  
Mense leen as te ware hulle ore aan die wêreld uit.

Wat sal vandag gebeur as God se woorde op jou ore val?  
Om te kan hoor en luister, moet ek en jy ons aandag aan  
God se stem gee. Moet ons tyd en plek maak om God se  
stem te hoor. Vir wie gaan jy jou ore uitleen? Vir die  
klipharde grond? Vir die vlak grond tussen die klipbanke?  
Vir die onkruid? Of vir die goeie grond?

Ek wil afsluit met 'n liriek van een van die Afrikaanse  
treffers van alle tye. Johan Wessels, of te wel Cupido, het  
hierdie liedjie vir Laurika Rauch geskryf. Die titel was:  
*Lied van die natuur. Hier is net die woorde van die refrein:*

*Daar is musiek oral om ons heen*

*En al wat jy moet doen is om te luister*

*Somtyds die ore spits*

*Want baie maal is die liedjie net 'n fluister*

*Soos 'n bries wat speel oor 'n koringland*

*'n Kriekesoor op 'n warm someraand*

*Luister laat die geluide jou bekoor*

Tekste: Openbaring 2: 7, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Psalm 131: 1-3, 2007; Gesang 269: 2.  
Fokus teks: Lukas 8: 4-8, 1983.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

*Want dis die lied van die natuur wat jy daar hoor.*

Amen.

SANG:

God is liefde en ons moet God se liefde leef. Sing saam met my oor die liefde van God ~ Gesang 530: 1-3

SEËNGROET:

God bly met ons, waar ons ook mag gaan. Deur sy sterke hande behoed Hy, daaglik met sy manna voed Hy. God bly met ons waar ons ook mag gaan ~ Gesang 269: 2.

WEGSENDING (Seëngroet):

Neem my alles, vir U o Heer ~ Gesang 308: 1-5.